

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
14 Maart 1976

Onderwerp: Jou identiteit

Lees: Johannes 18 verse 1 - 11 en 15 - 18
Teks: Johannes 18 verse 5 en 17
Sing: Psalm 118 verse 1 en 11
 Gesang 128 vers 4

“Broers en Susters die identiteit van die persoon of ’n groep mense, of ’n volk kan iets mooi wees wat God in sy liefde beskik.

“Wie sy identiteit verloën om algemene eendersheid na te streef, mag dalk tot die ontdekking kom, dat hy homself sowel as die groep waartoe hy behoort, geen diens bewys nie.

“Identiteitsverloëning kan tot selfvernietiging lei. Aan die ander kant is dit ook waar dat die handhawing van jou identiteit dikwels met lyding gepaard gaan. Dit kan ’n mens in ’n lastige situasie laat beland waar jy met lewensbedreiging te doen kry.

“In laasgenoemde geval kom ’n mens dan voor ’n moeilike keuse te staan. Of jy kan jou identiteit handhaaf en jou lewe verloor, of jy kan jou lewe behou en jou identiteit verloën.

“Vanoggend wil ons graag hierdie identiteitsvraag op geestelike terrein met u behandel.

“Ons wil u voorstel aan twee persone wat albei met die identiteitsvraag te doen gekry het, maar dit verskillend beantwoord het. Hierdie twee persone is Jesus en Petrus. In Johannes 18 verse 5 en 17 kan u lees hoe hulle hierdie identiteitsvraag beantwoord het.

“In Getsemané is ’n groep soldate besig om na Jesus te soek. Vir Jesus was dit seker nie moeilik om hulle te ontglim nie. Sodoende sou Hy nie die identiteitsvraag hoef te beantwoord nie. Maar dit doen Jesus nie. In die lig van hulle lampe tree Jesus na vore en vra: ‘Wie soek julle?’ Hulle antwoord: ‘Jesus die Nasaréner’. En met hierdie woorde word die Seun van God voor ’n keuse geplaas, naamlik om sy identiteit te openbaar, óf te verloën.

“Broers en Susters, as Hy sy identiteit verloën het, sou dit beteken het dat Hy vir hulle in die wêreld by implikasie sou gesê het: Ek is nie Jesus die Nasaréner nie. Ek is nie die Seun van God nie. Ek is nie julle

verwagte Messias en die Verlosser van die wêreld nie. Met ander woorde Ek is nie wat Ek is nie.

“Dit sou geen ongewone optrede gewees het nie. Baie het dit reeds gedoen en nog meer sou volg.

“Broers en Susters, ’n mens wat nie wil wees wat hy is nie, is gewoonlik ook nie wat hy wil wees nie. Hy kan hoogstens ’n valse identiteit ten toon stel, soos ’n wolf in skaapklere.

“Dink aan Jakob wat probeer het om Esau se identiteit aan te neem. Die harige velle om sy hande het hom nog nie Esau gemaak nie. Met hierdie handeling het hy homself verloën en was hy nie meer Jakob nie - en ironies genoeg ook nie Esau nie. En tog het hy sy doel bereik met hierdie valse identiteit. Hy het gekry wat hom nie werklik toegekom het nie.

“Met ’n valse identiteit kan ’n mens nogal êrens kom. Daarom is dit so ’n verleidelike ding.

“As Moses daar in Egipte sy identiteit sou prysgee, kon hy maklik Farao se opvolger word. Maar Moses sê nee. Hy sien liever kans om saam met die volk van God swaar te kry, as om die weelde van Farao se paleis te geniet. Die skrywer van Hebreërs stel dit so mooi, naamlik dat Moses ‘die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte’. (Heb 11:26)

“Sou Jesus met sy identiteitsverloëning êrens kon kom? Hy het immers geweet wat dit Hom sou kos. Die soldate soek sy lewe. Hy moet voor die regbank gesleep word en uiteindelik sterwe aan die kruis. Hoeveel makliker sou dit nie wees om Homself te verloën nie? Hierteenoor tree Hy met koninklike waardigheid na vore en sê: Soek julle vir Jesus van Nasaret. Dit is Ek. Ek is wat Ek is.

“Die soldate was so verwonderd dat hulle op die grond geval het. En as die Seun van God aan die kruis sterwe, is die verwondering nog groter as die hoofman oor 100 uitroep: ‘Waarlik, Hy was die Seun van God’.

“Hy het sy lewe verloor, maar Sy eer behou.

“En nou die ander persoon, Petrus. Hy het aan ’n groep behoort wat bekend gestaan het as die Dissipels van Jesus. Hierop was Petrus nie min trots nie. By geleetheid het hy gesê: ‘Al moes ek saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie.’

“Dit klink mooi! Maar by praat kan dit nie alleen bly nie. Die een of ander tyd moet ’n mens se woorde gesteun word deur jou dade.

“So breek die oomblik van toetsing ook vir Petrus aan. En soos vir Jesus gaan dit vir Petrus ook oor

dieselfde saak, naamlik: Sê my wie jy is en waarvoor jy staan!

“Die diensmeisie is die een wat hierdie dissipel van Jesus toets: ‘Hierdie man was ook saam met Hom.’

“Wat ’n lastige situasie.

“Kyk wat doen Petrus. Hy sit ’n masker op en sê: ‘ek ken Hom nie.’ Net vier woordjies maar daarmee pleeg hy ’n ontsettende daad. Daarmee trek hy, kan jy maar sê, ’n streep deur sy eie naam; ’n streep deur sy identiteit en ’n streep deur die Naam van Jesus.

“Wat ’n kontras teenoor sy Heiland. Jesus sê: ‘Dit is Ek.’ Petrus sê: ‘ek ken Hom nie’.

Jesus staan by sy groep. Petrus verlaat sy groep. Jesus staan in die koue alleen. Petrus maak hom warm by die vuur van die wêreld.

“Broers en Susters, identiteitsverloëning het ons gesê, kan ’n mens tog êrens bring, al is dit dan by die vure van die wêreld. Deur identiteitsverloëning het mense in hierdie lewe al gekom waar hulle andersins nooit sou gekom het nie. ’n Mens kan op dié manier iets bereik. ’n Goeie posisie losslaan. Jy kan ryk word. Jy mag miskien jou eie lewe beveilig, maar jy loop gevaar om ’n innerlike dood te sterf.

“Broers en Susters, as die haan elke keer moet kraai as mense hul identiteit verloën, sou dit ’n aardige gekraai afgee!

“Ons is elke dag besig om die identiteitsvraag te beantwoord: deur ons lewe, doen en late, deur wat ons is of nie wil wees nie. En as ons die Bybel reg verstaan, dan sal hierdie identiteitsvraag onder die groot verdrukking van die eindtyd nog baie beantwoord moet word.

“Die groot toets van die geloof sal lê in die vraag na jou identiteit. Wie is jy, aan wie behoort jy en wat is jou lewensbeginsels? Hierdie vraag sal baie mense nog in benoudheid bring.

“Wie in die spore van Jesus wil volg, moet verwag om ontstettend te ly. Die identiteitsvraag is die sif wat sal onderskei wie die opregte en valse Christene in hierdie lewe is.

“Hoe maklik verloën ons nie ons identiteit in hierdie wêreld nie.

“Hier in die kerk skep die identiteitsvraag geen probleem nie. Hier is dit in elk geval nie lastig om dit te beantwoord nie. Maar wat van môre en oormôre wanneer ons nie meer in hierdie veilige geselskap is nie; môre wanneer die vure van die wêreld so verleidelik brand; môre en oormôre wanneer ek sake

moet doen met 'n sterk mededingende wêreld; môre en oormôre wanneer die samelewing my vra om beginsels oorboord te gooi?

“Ek moet my ontspanning en partytjies so aanbied dat Jesus nie buite in die koue hoof te staan nie.

“Onthou Broers en Susters, wie sy identiteit prys moet gee om by 'n sekere deur in te gaan, moet homself afvra of dit hoegenaamd goed is om by die deur in te gaan.

“By die deur van die Hemel kom 'n mens alleen in sonder voorgee en skyn. Daar gaan 'n mens alleen in deur jousef te wees - al moet jy uitsnik ‘O, God wees my sondes genadig’.

“Jesus het sukses behaal omdat Hy getrou gebly het. Geen geskenk kon Hom omkoop nie. Geen bedreiging kon hom van Sy lewensbeginsels laat afsien nie.

“Ek is Jesus van Nasaret.

“ Broers en Suster, is u bereid om te wys wie u is? Al beteken dit dat u in sekere kringe nie gewild sal wees nie. Is u in staat om in hierdie samelewing te sê: ‘Ek behoort aan die Here. Ek is 'n Christen. Ek is 'n volgeling van Jesus Christus; en al moet ek sterwe ek gaan nie saam met die wêreld nie.

“En as u hierdie identiteit handhaaf en dit vir u lyding bring, moet u weet: “n dienskneg is nie groter as sy Heer nie.’

“Amen.”